


# 'N MOOI AFRIKAANSE WOONHUIS.

Die bygaande illustrasie is 'n ontwerp vir 'n mooi woonhuis. Minder kamers veroorsaak ongerief en 'n groter huis is 'n lukse.

Die plan bevat 3 slaapkamers, een vir die eienaar en sy vrou met 'n toilet-kamertjie daaraan verbonde wat desnoods ook vir kinderslaapkamer kan gebruik word; een slaapkamer vir die dogters en een vir die seuns. Dan is daar nog 'n vry kamer wat as loseer- of as studeerkamer ingerig kan word. Daar is mooi ruim ingeboude kaste vir klere en linne. Die badkamer is gerieflik geplaas, sodat dit binne die onmiddelike bereik van die slaapkamer is, en 'n geloop deur die res van die huis onnodig maak.

Die eetkamer, woonkamer en spens is so geplaas dat daar min te loop is met die bediening aan tafel. Die woongedeelte en die slaapgedeelte van die huis is mooi apart gebou, sodat veral die slaapgedeelte van die huis heeltemal privaat is. Daar is geen ruimte vermors aan lang gange nie. Die stoepe is so ingerig, dat dit so min moontlik lig en lug uit die huis uitsluit en ook is daar voorsorg vir afgesonderdheid geneem. Dit is moontlik om aan enige kant van die huis, een van twee, in die son of in die koelte, in 'n privaat hoekie te sit.

Die woonkamer is 'n besonder gerieflike vertrek. Daar is een gedeelte met vensters rond om wat in die winter as sonkamer kan gebruik word, dit is verbonde met 'n ope pergola. In die somer kan die gedeelte met 'n gordyn voor die boog afgesluit word en dan is die res van die kamer lekker koel. Saans kan die kamer mooi en gesellig opgewarm word deur 'n groot ope vuurherd.

* * *

Mevr. L. Posthuma skryf:—In uw nummer van Maart l.l. geeft U 'n plan voor 'n Afrikaanse woning door Mnr. Moerdyk en verzocht uw leseressen om dit te kritiseren en spesiaal om te zeggen, wat zy denken dat tot meer gerief van de huisvrouw kan dienen.

Wel, het is over 't algemeen 'n huis waarin ik graag zoe wonen. Maar het zou zeker tot gerief van de huisvrouw zyn, als het heen en weer lopen van keuken naar spens minder vermoeiend was. De beste manier daartoe lykt my, de gang langs de eetkamer door te trekken langs de kombuis, die dan 18 x 17 wordt. Dit is stellig groot genoeg. Als dan kombuis en spens elk een deur in die gang krygen tegenover elkaar, zal dat veel gemakkeliker werken boor de vrouw.

Vervolg op bladsy 56.

Het lykt misschien eenvoudiger, het plan te laten zoals het is en dan de gangdeur van de spens te vervangen door 'n deur van spens naar kombuis, maar dan is de spens veel minder koel door de kombuiswarmte die erin komt en zullen eetwaren er eerder bederven.

Doet men dit, dan zou ik voorstellen de deur, die nu van de kombuis naar buiten is getekend, aan het einde van de verlengde gang te zetten en glasdeur te maken, dan is de gang minder donker. Men kan dan ook spens en badkamer vergroten zodat ze achter in een lyn komen met de kombuis en dat geeft weer gelegenheid in de badkamer de linnenkast te plaatsen, zoals in Australiese cottages veel gedaan wordt.

Het gangetje langs de slaapkamer lykt ook wat donker.

Myn man maakte de opmerking, dat de kombuis op het Noorden ligt, zó dat de felle morgen- en middagzon schynt op de tafel, waarby de vrouw moet werken. Voor de vrouw zou het dus prettiger zyn het huis om te draaien, de kombuis naar het Zuiden."

* * *

Mevr. J. H. M. vra:—,,Ek sal baie bly wees as U my die volgende vrae wil antwoord omtrent die plan van die huis, wat voorkom in ,,Die Boerevrou" van Maart; U spreek daarvan as die ,,Afrikaanse woning."

(1) Wat is die minste waarvoor ek so'n gebou kan optrek as ek die volgende van my eie het:—

(a) Stene (hoeveel is nodig?)


(b) Gras vir dak (waarin kan ek dit steek om dit vuurproef te maak).

(c) Ronde hout vir balke en kappe (tapwerk).

* * *

(Beantwoording van die brief van Mevr. L. Posthuma).

Om die gang te verleng soos die geagte skryfster voorstel, sou die kombuis kleiner maak sonder dat daar genoeg kompensasie in die plek voor kom. 'n Gang plus muur sal 4 voet van die kombuis afsny. Om



**Vir die Kinders.**—Slot.

As sy sussies en boeties speel, dan sit hy net en kyk
maar hy speel nie saam.
Ek dink hy is te skaam.
As ek met hom speel
Wil hy nie, dan stryk ek hom op sy sagte ruggie,
Wat so sag is as ferweel.

**Ou tant Saartjie haar bont varkie.**

Kyk tog tante Saartjie haar bont varkie,
Met sy tuitneus en korte oortjies.
Hy sê sulke snaakse woordjies.
Dis 'n onverstaanbare taal,
Wat tante Saartjie haar bont varkie praat.
Maar tante Saartjie haar bont varkie is 'n vraat.
Hy hou nooit op om te vreet,
En is al amper soos tante Saartjie so breed.
Tant Saartjie haar varkie loop rond op die werf.
Hy is al klaar bederf.
In 'n hok wil hy nie bly.
Tante Saartjie sê hy wil net baklei.
Hy spring ook uit die hok.
Hy 's waarlik erger as 'n bok.—

Annatjie Erasmus (12 jaar).

DIE SKOOLKIND.

Bly, bly, bly!
Ek het 'n lei gekry,
'n Lei om op te skrywe
Wat meester op die bord ons leer
Om woordjies ook al te probeer
En foute uit te vrywe.

Bly, bly, bly!
Ek het 'n boek gekry
'n Boek met mooie prentjies,
Met letters, syfers, woorde
Met huisies, vrugteboorde
En ook nog mooie tentjies.

Bly, bly, bly!
Ek het 'n pen gekry
'n Pen met houte steeltjie
Om letters op papier te maak.
Nou skryf ek dat dit gons en kraak
En lees dan reel na reeltjie.

Bly, bly, bly!
Ek sal nog meer moet kry
Nog boeke, prente, kaarte
Maar eers moet ek my oefen flink
Om baie met my kop te dink
Oor somme, lande, vaarte.

Bly, bly, bly!
Ek sal 'n Bybel kry,
'n Bybel met 'n lere band
Dan leer ek wat die Here eis
Wat pad hy na die Hemel wys
Die heerlik engle Vaderland.

Remskoen.

**Afrikaanse Woonhuis.**—Vervolg

die gangdeur te verplaas naar die spens en dan 'n deur in te set naar die spens, het twee nadele:

1. Die spens word 'n deurloop. Dis wenslik om die spens geheel te kan afsluit, sodat bediendes nie heel dag vry toegang tot kos en provisies het nie.

2. 'n Direkte deur van die kombuis sou die spens warm maak.

Daar behoef geen vrees te bestaan dat die gang sal donker wees nie, dit word voldoende verlig deur die groot boogvenster tussen die spens en badkamer en ook deur 'n glasdeur aan die einde van die slaapkamer se gang.

Die opmerking omtrent die oriëntasie is raak. Dit sou veel beter gewees het om van Oost, Noorde te maak. In prinsiepe is dit wenslik om die kombuis aan die Suidekant te set, die ontwerp was egter gemaak vir 'n plek waar die rangskikking nie moontlik was nie. Die Noorde was in hierdie geval die agterant van die huis. Die kombuis word darem beskerm deur 'n ry groot bome.

* * *

Mevr. J. H. M. Piet Retief

Die bedoelde huis sal £2000—£3000 kos, indien dit gebou word in 'n groot stad, dit hang af van die graad van bouwerk, houtsoorte en ingeboude meubels. Wat dit sou kos onder die omstandighede deur u genoem is vir my onmoontlik om te sê sonder dat ek al die besonderhede weet. Die enigste manier om dit met sekerheid uit te vind is, om volledige planne en spesifikasies te laat optrek en dan aan verskillende bou-kontrakters vir tenders te vra.

Daar is ongeveer 30,000 bakstene voor nodig.

Dit is nog onmoontlik om 'n grasdak heeltemal vuurproef te maak.

(Mnr. Moerdyk is heeltemal bereid om vrae te beantwoord en wenke te gee oor die onderwerp. Nou vra ons ons leseresse om die plan te kritiseer—moontlik siet een en ander iets wat na haar mening verkeerd is in die plan of sy kry 'n gedagte om hier en daar iets te kan byvoeg vir die gerief van die huisvrou of vir versiering van die woning. Mnr. Moerdyk skryf: Baie hang af van die oogpunt waaruit dit beskou word. Gemak, gesondheid, skoonheid, spaarsaamheid, duursaamheid, verkoopbaarheid ens.''

Volgende maand gee ons die briewe wat ons ontvang het en die antwoorde van Mnr. Moerdyk omtrent die twede huis (die wat in April verskyn het.)

**Hoe om vloere te beklee.**—Vervolg.

nie alleen vir jare goed maar word mooier met die tyd, en enige gekoopte of tuisgemaakte polys gee dit 'n pragtige glans. Dit is verkeerd om 'n vloer met gewone olieverf te verf. Dit lyk eentonig en kry nooit die glans van 'n gekleurde vloer, behalwe dit is dit baie moeiliker om skoon te hou.

Daar is nou 'n nuwe soort vloerhout, Rhodesia Koejaathout. Die verskil in prys van die gewone vloerplanke is so klein dat dit gladnie tel nie, as mens al sy voordele ken. Hy is baie mooier, sy kleur is ryker, hy lyk baie deftiger en hou langer as die gewone vloerplanke. Verder is dit minder werk om so'n vloer skoon te hou, met 'n bietjie lynolie een keer die week en anders net met 'n skoon doek opgevryf, kry dit sonder enige soort polys of kleursel, 'n mooier glans as die gewone soort hout.